

Dankie Tamatie



Tamatie met oom Theuns in sy groentetuin – lees oor hulle verder in die brief

Ons was die week onderskeidelik by drie Bolandse dorpe, dit was 'n plesier om met hulle te praat, ons kon sien dat die wat daar was, honger na 'n beter toekoms in hul dorpe. Die opkoms hier is 'n bewys dat die dromers reeds uit die wegspringblokke is. Piketberg het ook deurgery om op Tulbagh te kom luister en gaan volgende week Moorreesburg toe met 'n hele span sodat die res ook dit kan hoor en sien..... Daar is letterlik tonne potensiaal, trots en hoop wat in elke dorp lê en smeul. Julle Dromers moet begin glo in julle vermoëns, die moontlikheid om 'n veskil te maak lê net in jul hande, niemand gaan dit vir jou doen nie. Kyk net hoe ver het ons al gekom met die suiwer gemeenskaps projek.

Een van die gehoor, het na my toe gekom na een van die sessies en uit aspirasie die volgende stelling gemaak, "wat in Bonnievale gebeur is eintlik abnormaal...." Weet julle wat is eintlik abnormaal?

Dat die persoon so dink!

Die skrywe is dus sodat ander 42 Droom dorpe ook kan insae kry oor belangrike kwessies en van die besprekings punte.

Die eerste vraag wat elke dorpe gevra het, hoe betrek ons die onderskeie gemeenskappe deel te raak van die droom?

-Net deur die vraag te vra, is dit duidelik dat gemeenskap wil vorentoe..... Reik uit na al daardie gemeenskappe, (*ek het myself belowe, ek gebruik nie meer die woord "hulle" nie*) so, glo my, ons almal is net so keelvol vir die politiek binne ons gemeenskap en is net so honger vir 'n beter toekoms -..... soos jy of jou span!

'n Vrou vanuit Tulbagh se swartbuurt, sy was ook een aand by 'n voorlegging, stel haar voor aan my as Tamatie, haar regte naam is te lank en moeilik.

"Maneer ek wil jou graag iets more gaa wys"

Ons moes die oggend vroeg ry, want ons afspraak met Citrusdal wag vir ons, so ek vra haar toe, *"kom na die gastehuis so 7h30 dan ry ons gou om te gaan kyk."*

Die oggend was dit maar vrek koud, maar klokslag 7H30 was Tamatie voor die deur.

" Waars jou kar?" vra ek.

"Nee maneer ek hed hom gastap,!!!!....."

Tamatie moes dus donker by haar huis (plakkershut) weggetrek het, kilometers ver stap, en dit net om vir my iets te wys? Ek ken haar net van die geselsie die vorige aand en is nie eers van haar dorp nie.

Ek moet bieg ek is groot man, maar moes op daardie oomblik wegkyk met 'n knop in my keel. Daardie oomblik, daar in die oggend mis in Kerkstraat, Tulbagh, het sy my tergelyke tyd so skaam en bleddie trots in die land in ons land gemaak.

Sien, ons eien so maklik hoop net aan onself toe, ek en Beatrice klim net in die kar en oor 'n uur is ons in 'n dorp, om almal te vertel watter potensiaal daar vir daardie dorp is.

Jo jo jo..... soos hulle mos sê.

In elk geval, ons ry toe na die oom, ook Theuns by name, waar Tamatie met 'n program besig is om groentetuine by die mense se huise te vestig. Die oom het net een been wat werk, maar hy maak al in die buurman se "yard" ook tuin en op sy klein manier kook hy oor van trots.

Sy trots het Tamatie so trots gemaak dat sy al die pad gestap het, sonder overtime, om my te wys, en dit maak my so trots dat ek vanoggend moes opstaan om dit te verwoord.

Ons het ook in Citrusdal die geleentheid gehad om so paar draaie te ry, en ook daar, die flammetjie sien brand. Dis nou lekker om terug te kyk, ons ry verby vier mense wat besig is om tuin te maak, en sommer al aan die oorkant van die straat. Ek sê "Stop Mariet, reverse, kom ons klim uit en praat gou met die mense, net vir 'n paar minute"

Tot ons almal se verbasing verbou die span, nie net vir hulself groente nie maar ook vir die dienssentrum. Mariet vra toe, " wil julle nie ook na die praatjie kom luister nie.....ek sal julle kom optel."

Vandag, 'n dag later ken Mariet vir Hannes en Hannes ken vir Mariet. Al twee weet,..... die dae van bakhand staan is iets van die verlede, want 'n trotse mens staan nie bakhand nie. Hannes vra nie aalmoese nie, hy werk en maak self 'n plan en deel al glad uit, net so gaan Mariet en haar span Dromers nie bakhand staan en verwag dat die munisipaliteit hul eie dorp moet mooi maak nie. Dit wys hoe maklik ons kan uitreik, vyfminute, en hulle kan nou saamspan om beide se dorp opknop.

Dit is dus vir jou moontlik om vir jouself 'n beter toekoms te bewerkstellig binne jou vermoë hetsy jou erf, buurman, sypaadjie, straat, woongebied, dorp, streek of selfs die land.

Wonderwerke soek nie jou nie, jy moet hulle soek.

Daar is nie 'n Theuns of Beatrice in ons dorp nie hoe gaan ons dit regkry, en wie gaan dit dryf?

Moenie 'n berg van 'n molshoop maak nie. Verlede jaar het ons kommittee mekaar net vier keer gesien gedurende die hele droom proses van vier maande op Bonnievale.

1. Die eerste keer met die bekendstelling, waar ons klaar vir elke streek leier 'n aangetoon het met sy helpers.
2. Toe weer nadat al die streke op hul eie planne gemaak het en dit na die tafel toe gebring het. Let wel een persoon was by al die onderskeie vergaderings om die een te vertel wat die ander groep mee besig is. Groeps druk
3. Die laaste was by die einde toe ons onself as dorp op die skouer klop.

Almal staar hulle dood aan al die vergaderings wat gehou moet word en kyk bang rond oor wie gaan dit dryf..... Mense, ons lewe in 'n era waar jy in jou eie huis kan vergader, in jou kantoor met die druk van 'n knoppie. Aan die einde van die brief druk ek net 'n "sent"

knoppie en 45 dorpe reg oor die land gee ek raad oor twee vrae wat die week aan ons gevra was.

Kom ons kyk hoeveel vergadering Droom Sa het tot nou toe gehad het.

RSG	- 0
MEDIA	- 0
BEAUFORT WES PROJEK	- 0
DROOM SPAN	- 0
AHI	- 0
<u>TOTAAL</u>	<u>- 0</u>

Let wel - DUISENDE E-POSSE en jy doen dit wanneer dit jou pas en dit kos jou bynanks.

(Dit het my opgeval hoe min mense by die vergaderings die data kry, julle moet die mense warm hou tot in hul huis, gebruik jul databasis en stuur die boodskap uit.)

Julle het een persoon nodig wat die verskillende areas se vergaderings bywoon, en hulle sommer met 'n selfoon afneem waar hulle vergader.

Julle het een persoon nodig wat orals die fotos neem waar dinge beplan word en gedoen word.

Julle het een persoon nodig om die data op die google kaart te sit, kan skolier wees hulle is handig. Onthou dit vorm die plan wat julle moet voorle aan die raad indien julle fondse benodig.

Julle het een persoon nodig om elke tweede week fotos en nuus van wat gebeur het uit te stuur na lede.en na ons.

Dis dit **vier** mense plus die persone in elke streek. Een sal op die ou einde voorvat maar dit kom vanself. Sodra julle begin sien dat masjien op "wil" loop en nie op strukture,agendas en vergaderings nie sal julle die eenvoud begin ervaar.

Voorbeeld:

Ek en Christo wat die SADOGOOD web tuiste hanteer, praat seker een keer in drie weke met mekaar, die res is epos. As hy voel daar iets is wat ek moet weet dan laat hy weet en anders om. Die punt wat ek hier wil probeer maak is dat beide van ons een doel het, om 'n sukses van dit te maak. EN DIT HOU ALS BYMEKAAR!

Daar is regtig duisende flammetjies in elke dorp, en as julle fokus om met stukkies hout (bystand,kommunikasie,vertroue en samewerking) dit kan stook sal die regte vuure 'n slag begin brand, en elk van julle dorpe in 'n model dorp omskep.

Onthou 'n groot plan bestaan uit duisende klein goedjies, en dit is die klein goedjies wat die groot plan so maklik maak.

Sterkte met die beplannings fase dit is baie belangrik en moet nie ligtelik opgeneem word nie.

- Betrek asb jul kontak persoon binne die Munisipaliteit om julle te help met wat toelaatbaar is en wat nie.
- Stel ten sterkte voor julle gebruik die Goolge map. Die medium kan julle aan almal stuur en almal sien wie wat waar doen en so motiveer die een weer die ander. As julle sukkel bel my.

Ek stuur Maandag weer 'n omsent brief van wie wat mee besig is maar tot dan herkou 'n bietjie aan die stukkies. (kyk dan wat Kirkwood al weer aanvang!)

Groete